NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings skakel:* ***062-6561521****, of stuur 'n epos na: badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur: Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585 - Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

07 Februarie 2020
Nr 03/2020

Warmnuus

Leierskapslypskool

Daar is nog plek… skryf nou in!

Die Taakspan Leierskapontwikkeling bied hul laaste twee slypskole van die termyn aan. Hulle nooi enige predikant wat nog nie so bevoorreg was om die unieke geleenthede by te woon nie, om asseblief so gou moontlik met *Hermien Swart* by die Sinodehuis of met *Jan Botha* (076 481 5683) kontak te maak en te bespreek!!! Daar is **slegs plek vir 13 predikante**.

- ***17-19 Februarie*** [Bespreek vóór *eerskomende Dinsdag 11 Februarie @ 10:00*]
- ***09-11 Maart*** [Bespreek vóór *21 Februarie*]

Plek: die unieke Mackouwkuil Lodge naby Vaalwater

Ons ry saam van die sinodehuis af. Met leraars van die platteland af sal ons individuele reëlings tref. Geen koste verbonde aan hierdie luukse en heerlike geleentheid nie!!!

Leraarontwikkeling: *1 & 2 April 2020*

Dit is min dat predikante die geleentheid kry om binne 'n veilige ruimte hulle bedieningsvaardighede te evalueer en daarna aksieplanne op te stel om areas waar daar nog groei nodig is, aan te spreek. Die Noordelike Sinode se taakspan vir leraarontwikkeling skep nou sulke geleenthede om predikante te ondersteun sodat hulle in die gemeente of bedienings waar hulle tans is, lewensgeluk en bedieningsvreugde kan hê. [*Kliek hier vir die volledige inligting…*]

Kontak Roelf Opperman (roelf007@gmail.com of sel 082 335 1156), die taakspanleier, of vir Paul Grobler (paul@noordsin.co.za of 082 653 5734) by die Sinodehuis.

Die rol van 'n ring ten opsigte van 'n beroep

Attie Nel (Aktuarius) bring die volgende inligting onder julle aandag asseblief.

Die beroeping van 'n predikant vir diens in 'n gemeente is 'n saak waarby die kerkverband op 'n besondere wyse betrokke is. Hierdie betrokkenheid begin by die oomblik wat 'n pos geskep word of 'n vakature ontstaan totdat die predikant in die gemeente bevestig word. Hierdie betrokkenheid word deur **Artikel 8** van die *Kerkorde* van die NG Kerk bepaal. [*Lees hier verder…*]

Sinodenuus

Sinodesitting een dag korter!

Neem asseblief kennis dat die datum verander na ***Sondagmiddag 4 Oktober tot Donderdag 8 Oktober etenstyd***.

❖ Bybellees met 'n verskil

Die volgende **byeenkomste** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
11 Februarie: Deuteronomium 30:11-20
Vir meer inligting skakel asb met: Fanie Cronjé (083 415 1452) / Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ #imagine: 2020

Dagboek die datum: **27-29 Maart 2020**
Besoek www.imaginemovement.co.za vir meer inligting.

❖ Excelsus – Jaarprogram 2020

Kliek hier vir Jaarprogram 2020. Dagboek asseblief die datums van die kursusse/werkswinkels waarin julle belangstel.
Vir enige navrae, kontak asseblief vir Rika by excelsus@up.ac.za of by 012 420 6738.

❖ Hulp aan teologiese student gevra

Flip du Toit [*Bestuurder van die Teologiese Opleidingstrust in Pretoria*] skryf die volgende: "Die Bybel bly belangrik. Dit moet gelees, reg verstaan en reg vertolk word. En hierin is 'n goed opgeleide predikant se rol onontbeerlik. Help hiermee deur teologiese studente se finansiele las tydens studie te verlig".
Hoe kan ons betrokke raak? Lees hier meer…

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Baie geluk:

Ryno en Marieta Hurn [Valhalla] met die geboorte van hul tweede seuntjie, Lohan, op 31 Januarie.

❖ Innige simpatie:

Philip Bergh [Emeritus en vroeër leraar van Quaggapoort] se vrou **Eugenie** is op 1 Februarie oorlede na haar stryd met longvlieskanker. Haar roudiens is DV komende Vrydag, *7 Februarie* om 11:00 vanuit NG Gemeente Parow-Noord.

❖ Verjaarsdagwense: *Hartlik geluk aan die volgende persone:*

04/02 Malan Nel [Emeritus, 082 362 0440, malannelup@gmail.com] – *per abuis uitgelaat*.
11/02 Marco la Grange [Koedoeskop, 078 824 6966, marcolagrange@icloud.com.]
Johan Bosman [Emeritus, 082 409 0185, bosmanjnr@vaalwater.ng.org.za]
12/02 Fouché de Wet [#imagine, 073 234 0156, fouche@imaginemovement.co.za]
Gert Vorster [Emeritus, 083 259 9422, vors1234@mweb.co.za]
13/02 Johan van As [Wonderboom-Suid – lidmaat, 083 707 2952, jvanas@dinamix.co.za]
14/02 Tokkie Scheepers [Emeritus, 046 654 0407, tokkie@lantic.net]
Jannie Hamman [Emeritus, 082 813 9692, jj@weskerk.co.za]
16/02 Niekie Lamprecht [Emeritus, 083 254 4232]
****
10/02 Marianne de Wet [Hartbeespoort, 082 446 5225, johandw@telkomsa.net]
11/02 Lizette Cornelissen [Raslouw, 082 561 1820, mariusco@lantic.net]
Hanlie Botha [Mootvallei, 012-546 3545, janbotha1102@gmail.com]
14/02 Gerda Barnard [Valhalla, 012-752 6625, hjjbarnard5@gmail.com]
Christa Lambrechts [Wespoort, 012-546 8859, hendrik1@telkomsa.net]
Lieze Meiring [Universiteitsoord, 082 807 4530, arno@universiteitsoord.co.za]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: *Baie geluk!*

Chinhoyi/Karoi (Chinhoyi gestig: 11/02/1948)
Valhalla (Gestig: 15/02/1960]

❖ Nylstroom-Oos: Kreatiewe Kommunikasie Werkswinkel

Datum: ***21 Februarie 2020*** **-** Die program is op die webwerf en die registrasie word ook via die webwerf gedoen by die volgende skakel*:* *https://ngnylstroomoos.wixsite.com/ngnylstroomoos/skryf-in-kursusse-en-ander*.

❖ Pierneef hou basaar!

Datum: ***7 Maart***

Die gemeente nooi almal uit om die dag saam te kom geniet. Al die lekker kosse wat Suid-Afrika bied gaan beskikbaar wees om te koop. Die Boeremusiek Gilde gaan ons vermaak en die Aandblom Volkspelelaer gaan ook optree. Verder is daar 'n verskeidenheid stalletjies, vars groente en vleis en vermaak vir oud en jonk. Die Veiling begin om 12:00, en dit is verseker nie iets wat jy wil misloop nie.

- Vir meer inligting, of indien jy graag sou wou kom uitstal, kontak gerus Phillip Koekemoer (073 222 9875).

❖ Overkruin: Donkie

Donkie is 'n eenmanproduksie van Frank Opperman gegrond op die werk van bekende skrywer, Dana Snyman. In *Donkie* ontmoet ons vir mnr Barry Swart, 58-jarige hoof van die Hoërskool Hans Oosthuizen, 'n voormalige model C-skool. Mnr Swart is 'n man onder druk: Die leerlinge se akademiese prestasie is nie na wense nie en die eerste rugbyspan het vyf wedstryde agtereenvolgens verloor. Daar is ook ernstige probleme met dissipline, 'n rassistiese voorval en vrae of Afrikaans nog 'n onderrigtaal taal gaan wees. Uit talle oorde word mnr Swart se kop geëis. Só besluit hy een Maandagoggend tydens saalopening om sy kant van die saak te stel …

Wanneer en waar: Vrydag ***17 April 2020*** om 19:00 by NG Gemeente Overkruin.

Kaartjies: Onbespreekte kaartjies @ R110-00 per persoon is by die kerkkantoor te koop. Laerskoolkinders @ R60-00 per persoon.

Navrae: Skakel asseblief die kerkkantoor by 012 567 2177.

Ander nuus

❖ CLF

CLF kondig strategiese vennootskap met van Schaik Boekwinkel aan

Die Christelike Literatuurfonds (CLF) is in 1957 deur 'n groep sendelinge gestig met die doel om Christelike leesstof onder die verskillende taal-en kultuurgroepe van Suider-Afrika te versprei. Afgesien van die verskeidenheid gratis Christelike pamflette, het CLF 'n wye verskeidenheid Christelike boeke met 'n fokus op die sending van God in die wêreld, asook materiaal vir gebruik deur kerke in Afrika. [*Lees hier verder…]*

❖ Die nommerpas kursus vir entrepeneurs en selfwerkskeppers: *1-31 Maart 2020*

Dr Jan Botha sê: "Hierdie is 'n kursus wat vierkantig staan in die idioom van missionale kerkwees! Tydens die pas afgelope Algemene Sinode van die NG Kerk is ons missionale identiteit weer eens bevestig."

Kursusleiers:

Dr Jan Botha Tel 012 5463545, Sel no: 0764815683 en e-pos adres: janbotha1102@gmail.com

Dr Retha Kruidenier Tel 012 3291352, Sel no: 0824138462 en e-pos adres: retha@geo-logic.co.za

[Om in te skryf ...]

❖ Traumatiese Insident Reduksie (TR) Werkswinkel

Met hierdie werkswinkel leer jy in vier dae om 'n traumatiese insident se negatiewe gevolge vinnig, effektief en permanent te reduseer. NG predikante kan 30 VBO punte verdien en Maatskaplike werkers 10 CPD punte.

Datums 2020: Alberton – 2-5 Maart; Wolseley – 20-23 April; Vredendal – 27-30 April; Alberton – 20-23 Julie; Springbok – 17-20 Augustus; Alberton – 9-12 November.

Kontak Jan Viljoen by 081 241 0676 of dsjanviljoen@gmail.com.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Skole (Biddag vir Opvoeding en Onderwys – Sondag 9 Februarie).
- Ons land (Die president se staatsrede volgende week).
- Werkloosheid.

Vakatures

❖ Lynnwood:

Leraarspos - Lynnwood Gemeente stel met opgewondenheid 'n vakature vir 'n voltyds-onbepaalde predikants-pos bekend. Ons versoek gevolglik alle belangstellendes om 'n aansoek te stuur na kerkkantoor@nglynnwood.co.za. *Aansoeke* kan tot ***29 Februarie 2020*** ingedien word. *[Vir meer inligting ...]*

Jeugwerkerposte

Jeugwerker met fokus op Hoërskooljeug.

Werksure: 8 ure 'n week
'n Honorarium van R3500
Samewerking met Jeugleraar en dagbestuur van Nuwe Generasie, Lynnwood Gemeente.
Sterk fokus op Tienerbediening en hulp met aanddienste.
Belangstellendes kan hulle CV of vir enige ander navrae na Jeanri Bezuidenhout stuur, e-pos: jeanri.bez@gmail.com

Jeugwerk met fokus op Studente en jong volwassenes.

Werksure: 8 ure 'n week
'n Honorarium van R3500
Samewerking met Jeugleraar en dagbestuur van Nuwe Generasie, Lynnwood Gemeente.
Veral betrokke by Studente, jong volwassenes en hulp by aanddienste.
Belangstellendes kan hulle CV of vir enige ander navrae na Jeanri Bezuidenhout stuur, e-pos: jeanri.bez@gmail.com.

❖ **Krokodilrivier, Brits: Voltydse medeleraarpos**

Die gemeente Krokodilrivier is 'n semi-plattelandse gemeente in Brits en is een van drie NG gemeentes binne dorpsgrense.
*Sluitingsdatum vir aansoek*e: Aansoeke sluit om 10h00 op ***16 Maart 2020*** en diensaanvaarding is gedurende Julie of Augustus 2020. *[Vir meer inligting …]*

❖ **Blouberg: Leraarspos**

NG Gemeente Blouberg is 'n klein plattelandse boerderygemeente geleë in die Noordelike Bosveld, aangrensend teen Botswana en Zimbabwe, 150 km Noord van Polokwane.
Sluitingsdatum vir aansoeke: Vrydag ***20 Maart 2020.*** *[Vir meer inligting …]*

Proponente en ander beskikbares

❖ **UP Fakulteit Teologie**:

★ **Gelegitimeerde proponente 2019**

Marietjie Bergh [076 235 7837, marietjiebergh13@gmail.com]
Frederik Coetzee [072 980 9355, frederik.coetzee7@gmail.com]
Jan-Mari du Toit [071 687 0357, janmaridutoit@yahoo.com]
Jana Klut [083 658 4746, jana.klut@gmail.com]
Heinrich Wiegand [083 289 9224, wiegandhj@yahoo.co.uk]

★ **Gelegitimeerde proponente 2016**

Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

★ **Gelegitimeerde proponente 2018**

Freddie de Lange [071 483 8798, freddiedelange@yahoo.com]
Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**

Persone wat graag wil hê dat hul name hier moet verskyn, moet vir Hermien by die Sinodehuis kontak.

Ten slotte

Dankbaarheid
gee sin aan
GISTER
gee vrede vir
VANDAG en
skep 'n droom
vir MÔRE

BYLAES

NG Lynnwood - Leraarspos

Lynnwood Gemeente stel met opgewondenheid 'n vakature vir 'n voltyds-onbepaalde predikantspos bekend. Hoewel daar 'n spesifieke vakature ontstaan het, het die kerkraad besluit om 'n oop proses te volg ten opsigte van die vakature. Dit beteken dat die kerkraad, in die lig van die aansoeke wat ontvang word, bereid is om nuut te dink oor die wyse waarop die bediening in Lynnwood Gemeente gestruktureer word. Ons versoek gevolglik alle belangstellendes om 'n aansoek te stuur na kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Die aansoek moet naas 'n volledige CV ook die aansoeker se opvatting oor die volgende sake bevat:

- Die gawes en vaardighede wat jy na die bediening in Lynnwood Gemeente sal bring.
- Die bedieningsterreine waar jy graag 'n bydrae wil maak.
- 'n Tipering van jou teologie.
- Jou kerkbegrip.
- Jou bedieningsbenadering.

Aansoeke kan tot ***29 Februarie 2020*** ingedien word.

Die sinodale riglyne sal as vertrekpunt gebruik word om die vergoedingspakket te bepaal. 'n Pastorie is beskikbaar, maar 'n huissubsidie word as 'n alternatief aangebied.

Die aanvangsdatum van die beroepene sal met diegene wat die kortlys haal, onderhandel word.

Navrae in verband met die pos kan gerig word aan Eric Scholtz. E-posadres erics@mweb.co.za Selfoonnommer 082 856 5959.

Die Kerkraad van Lynnwood Gemeente behou homself die reg voor om nie te beroep nie.

Terug

NG Krokodilrivier, Brits - Voltydse medeleraar vakature.

Die gemeente Krokodilrivier is 'n semi-plattelandse gemeente in Brits en is een van drie NG gemeentes binne dorpsgrense. Die ekonomie van die dorp is opgemaak uit industrië, mynbou en landbou. Binne die bedieningsveld van die gemeente is daar twee groot hoërskole en verskeie laerskole.
Die gemeente bestaan uit 599 besoekpunte wat in twee blokke van ongeveer 300 besoekpunte per leraar verdeel is. Daar is 980 belydende lidmate en 210 doop lidmate opgeneem in die gemeenteregister.

Die NG Gemeente Krokodilrivier wag aansoeke in vir 'n voltydse medeleraarspos. Hierdie pos sluit alle leraarspligte volgens Art 9 van die Kerkorde in, maar is nie noodwendig daartoe beperk nie.

Leraarsprofiel:
Die gemeente van Krokodilrivier het 'n behoefte aan 'n leraar van die NG Kerk:

- wat 'n toegewyde kind van die Here is en hom/haarself geroepe voel om die Here in hierdie gemeente te dien en as geestelike leier dinamies na vore te tree binne die gemeente en die gemeenskap,
- met die persoonlikheid en gawes om te identifiseer en te werk met die jonger geslag van ons lidmate, hulle te inspireer, mobiliseer en toe te rus.
- Die klem sal verder val op missionale en evangelisasie gerigtheid,
- met 'n passie vir verantwoordelike vernuwing,
- wat as 'n spanwerker gemaklik is met die verskillende bedieningstyle.
- 'n Teologies-verantwoordbare en dinamiese prediker.

Verantwoordelikhede:

- Die uitbou van die bediening aan alle lidmate met klem op jong mense (voorskool tot naskool).
- Die ontwerp en implimentering van volhoubare strukture en prosesse waarbinne die jeugbediening / jeuggerigte byeenkomste kan plaasvind en uitgebrei kan word.
- Die ontwikkeling van 'n missionale kultuur in die gemeente en in besonder onder die jeug asook opleiding te verskaf rakende gesins- en ouerskapvaardighede.

- Nakom van alle ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn.

Voordele:
- Vergoeding is onderhandelbaar tot ‘n maksimum van skaal 8 volgens die handleiding van die Sinodale skale.
- Reiskoste en ander toelaes word betaal. Kerkraad dra 50% van mediese fonds by.
- ‘n Pastorie met betaalde munisipale dienste en ‘n tuin wat deur die gemeente onderhou word, is deel van die voordele.

Aansoeke:
- Alle aansoeke moet vergesel word van ‘n CV nie langer nie as drie A4 bladsye en moet vier verwysings insluit waarvan ten minste twee gemeente - of kerkraadslede moet wees.
- Die beskikbaarstelling van ‘n digitale opname van ‘n onlangse preek tydens ‘n erediens ooreenkomstig die bogenoemde posbeskrywing - slegs indien u daarvoor gevra word.
- ‘n Onlangse foto en/of familiefoto asook ‘n afskrif van die ID.
- Dien alle aansoeke in deur ‘n toepaslike e-pos te stuur aan: kantoor@ngkrokodilrivier.co.za.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir ‘n onderhoud en ‘n preekbeurt gedurende April/Mei 20 soos met die applikant gereël sal word.
- Psigometriese toetse kan moontlik aangevra word.

Aansoeke sluit om 10h00 op *16 Maart 2020* en diensaanvaarding is gedurende Julie of Augustus 2020 – afhangende van die omstandighede van die suksesvolle aansoeker.

Navrae:
Santie Uys (Kerkkantoor) 012 252 252 6021
Francois Hanekom (Voorsitter Kerkraad) 082 851 7894 *Terug*

NG Blouberg - Leraarspos

NG Gemeente Blouberg is ‘n klein plattelandse boerderygemeente geleë in die Noordelike Bosveld, aangrensend teen Botswana en Zimbabwe, 150 km Noord van Polokwane. Boerdery sluit groenteverbouing, bees- en wildboerdery in en daar is ook ‘n diamantmyn in die gemeente. Die gemeente beskik oor twee kerkgeboue op Alldays en Vivo (48 km afstand). Die pastorie is op Alldays. ‘n CVO skool op Vivo maak voorsiening vir voorskoolse, laerskool en hoërskoolkinders met busvervoer vanaf Alldays. Die dorpies Alldays en Vivo beskik oor goeie infrastruktuur in terme van besighede, winkels, dokters, selfoonnetwerke en Polisiediens. Die aantal belydende lidmate is 186, en daar is 80 dooplidmate waarvan 65 skoolgaande ouderdom is. Die huidige leraar emeriteer op 30 Junie 2020.

Sluitingsdatum vir aansoeke: Vrydag ***20 Maart 2020***
Diensaanvaarding: Datum onderhandelbaar vir Augustus/September 2020

Leraarsprofiel:
- Skrifgetroue, gereformeerde prediking
- Goeie interpersoonlike vaardighede
- ‘n Hart vir die platteland en ‘n boerderyomgewing
- Aanpasbaar en gemaklik met alle generasies
- Begrip vir konserwatiewe en behoudende gemeenskap
- Diensgerigte bedieningstyl

Verantwoordelikhede
- Ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, maar nie daartoe beperk nie.

Vergoeding en voordele
- Vergoeding is onderhandelbaar tot ‘n maksimum van skaal 5 volgens die riglyne van die Algemene Taakspan Predikantesake
- Reiskoste en ander toelaes word betaal.
- ‘n Ruim pastorie met betaalde munisipale dienste en ‘n tuin wat deur die kerkraad onderhou word

Voornemende kandidate
- Leraars met bedieningsondervinding word uitgenooi om ‘n CV (nie langer as 2 bladsye nie) met persoonlike inligting, kwalifikasies en beroepsondervinding, asook die name en kontakbesonderhede van 3 referente te

stuur aan: Die Pre-Advieskommissie (ngblouk@gmail.com) Heg ook ‘n afskrif van ID aan, asook ‘n onlangse foto en/of familiefoto.

- Kandidate moet beskikbaar wees vir ‘n onderhoud en preekbeurte wat in Maart, April en Mei geskeduleer word.
- Die kerkraad behou hom die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak uit die aansoeke ontvang nie.
- **Navrae**: André van den Heever (Leieroudl Vivo) 0828523912
  Pieter le Roux (Leieroudl Alldays) 0832550061
  Bertus Badenhorst (huidige leraar) 0849841742
  Yolandi Bosch (Saakgelastigde) 0844056310

Terug

Leraarontwikkeling: 1 en 2 April 2020

Dit is min dat predikante die geleentheid kry om binne ‘n veilige ruimte hulle bedieningsvaardighede te evalueer en daarna aksieplanne op te stel om areas waar daar nog groei nodig is, aan te spreek. Die Noordelike Sinode se taakspan vir leraarontwikkeling skep nou sulke geleenthede om predikante te ondersteun sodat hulle in die gemeente of bedienings waar hulle tans is, lewensgeluk en bedieningsvreugde kan hê.

Daar word op nege bevoegdhede in die proses gefokus. Elke bevoegdheid het drie vlakke van vaardighede waaraan die predikante ge-evalueer word.

- Afrigting en mentorskap (Dissipelskap)
- Besluitneming
- Effektiewe kommunikasie (insluitend konflikhantering)
- Emosionele volwassenheid
- Leierskap
- Eienaarskap en verantwoordbaarheid
- Geloofsonderskeiding
- Geestelike volwassenheid
- Denkvermoë

Ons wil predikante uitnooi om deel te word van die geleentheid waar ons predikante in ons sinode die geleentheid gee hulleself aan die proses bloot te stel. Dit vind volgende jaar plaas van **1-2 April 2020** by NG Kerk Kameeldrif. (Neem kennis dat die kursus se datum verander het van 24 en 25 Februarie **na 1 en 2 April**)

Dit gaan soos volg werk:

1. Die predikant word ‘n deelnemer óf op grond daarvan dat hy/sy deur die taakspan uitgenooi word, of omdat hy/sy self versoek het om deel van die proses te word. ‘n Predikant kan ook deel van die proses word omdat sy/haar ring met ‘n proses in die gemeente besig is en dit daarom wenslik ag, óf omdat die gemeente/kerkraad dit versoek het.
2. Die predikant word gevra om ‘n vraelys op gelykkansige wyse deur vyf persone oor hom/haarself te laat invul en aan te stuur. Die taakspan verskaf die vraelys.
3. Die predikant (deelnemer) meld vir ‘n periode van drie dae by die gesprekke aan.
4. Daar word een begeleier vir die drie dae aan elke predikant toegewys wat die hele proses meemaak. Die predikant bring ook sy/haar mentor saam. Die drie persone vorm saam ‘n span en werk vir die drie dae as ‘n eenheid saam. Indien die predikant nie ‘n mentor het nie, kan ons help om ‘n geskikte mentor te kry.
5. Aan die einde van die proses is daar ‘n omvattende terugvoer-sessie waarin al die terugvoere en evaluerings geïntegreer word. Dit vind nooit in die groot groep plaas nie, maar slegs in ‘n gesprek tussen die predikant, die begeleier en die predikant se eie mentor.
6. Aan die einde van die drie dae word ‘n aksieplan saam met die predikant en sy/haar mentor opgestel.

Indien die predikant of sy/haar mentor nie self slaapplek in Pretoria het nie, is julle welkom om te skakel dat ons vir julle slaapplek reel. Etes word voorsien. Dit is noodsaaklik dat almal die volle tyd teenwoordig moet wees.

Predikante sal **VBO-punte** gelykstaande aan ‘n twee-dag-“kursus” ontvang.

Skakel gerus ons taakspanleier vir predikantebegeleiding, Roelf Opperman op sy selfoon 0823351156 as jy meer inligting benodig.

Terug

Die nommerpas kursus vir entrepeneurs en selfwerkskeppers :

Alfa Pastorale Opleiding, Berading en Gemeenskap Sentrum (Gestig 1987)

Bied vir die sesde jaar 'n unieke jaar kursus in pastorale opleiding, berading en gemeenskapsdiens aan!

Die nommerpas kursus vir entrepeneurs en selfwerkskeppers!!!

Kom leef jou roeping, word prakties bemagtig as 'n agent van verandering en doen jou eie of die netwerk ding!!!

Teikengroep: Predikante, maatskaplike werkers, studente, "gap"-jaars en enige belangstellende volwassenes

Vanaf 1 Maart 2020 - 31 Maart 2021

Status van die kursus: Sertifikaat, geakkrediteer deur **Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria**. (120 VBO punte) en **geregistreer deur die Council for Pastoral and Spiritual Counsellors- CPSC** (20 CPSC/CPD punte)

Kursusleiers:
Dr Jan Botha Tel 012 5463545, Sel no: 0764815683 en e-pos adres: janbotha1102@gmail.com
Dr Retha Kruidenier Tel 012 3291352, Sel no: 0824138462 en e-pos adres: retha@geo-logic.co.za

Besoek: alfapastoralepraktyk.com

Die kursus is bekendgestel oor RSG, Pretoria FM, Radio Kansel, in die Kerkbode en LIG, Huisgenoot, Vrouekeur, Juig, asook deur 'n artikel in die Kerkbode deur die redakteur, Neels Jackson

Terug

Die rol van die kerkverband wanneer 'n gemeente 'n beroep uitbring. Noordelike Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Die beroeping van 'n predikant vir diens in 'n gemeente is 'n saak waarby die kerkverband op 'n besondere wyse betrokke is. Hierdie betrokkenheid begin by die oomblik wat 'n pos geskep word of 'n vakature ontstaan totdat die predikant in die gemeente bevestig word. Hierdie betrokkenheid word deur **Artikel 8** van die *Kerkorde* van die NG Kerk bepaal.

8.1 'n Predikant word vir diens aan 'n gemeente beroep deur die kerkraad van die gemeente, met approbasie deur die gemeente en goedkeuring deur die ring.

8.2 'n Predikant word vir diens aan die kerkverband deur 'n kerkvergadering of sy gevolmagtigde benoem, met approbasie deur die kerkverband en goedkeuring deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie.

8.3 Die bevestiging van 'n predikant vir diens aan 'n gemeente geskied nadat goedkeuring daartoe verleen is deur die ring of sy gevolmagtigde.

8.4 Die bevestiging van 'n predikant vir diens aan die kerkverband geskied nadat goedkeuring daartoe verleen is deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie.

8.5 Die bevestiging van 'n proponent geskied met handoplegging.

8.6 'n Predikant wat 'n beroep na 'n ander gemeente aangeneem het of 'n benoeming vir diens aan die kerkverband aanvaar het, ontvang 'n akte van demissie van die kerkvergadering in wie se diens gestaan is.

8.7 'n Predikant wat emeriteer, ontvang 'n akte van emeritaat.

Saam met Artikel 8 moet **Reglement 12** van die *Kerkorde* ook gelees word. In Reglement 12 word die proses in nadere besonderhede uitgespel.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die ring of sy gevolmagtigde (gewoonlik die ringskommissie) eers goedkeuring moet gee alvorens ‘n gemeente ‘n predikant kan beroep.

In die geval van die Noordelike Sinode het die sinode ook **sekere bepalings aanvullend tot Artikel 8** in hierdie verband goedgekeur. Elke kerkraad wat ‘n predikant beroep moet aan die artikels, bepalings en reglement van die *Kerkorde en aanvullende bepalings* van die Noordelike Sinode (2016) gehoor gee.

Indien ‘n kerkraad/gemeente nie aan die bepalings van die *Kerkorde en aanvullende bepalings* gehoor gee nie, loop die kerkraad/gemeente die risiko dat die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde ongeldig verklaar kan word. (“Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde ongeldig verklaar.” (Reglement 12.2.2.4))

Die bepalings en die reglement verwys telkens na ‘n verteenwoordiger van die ring wat betrokke is. Hierdie verteenwoordiger van die ring is meestal die konsulent wees, maar kan ook ‘n ander predikant van die ring wees wat deur die ring versoek word om die rol te speel. Elke kerkraad of gemeente behoort in samewerking met die konsulent van die gemeente, vooraf seker te maak wat die bepalings is waaraan gehoor gegee behoort te word. Die bepalings vir die Noordelike Sinode is soos volg: **(Ek lewer slegs kommentaar waar die ring ‘n rol het om te speel.)**

8.1 Wie beroepbaar is

8.2 Wie beroep/benoem

8.3 Bykomende vereistes by beroep deur die kerkraad

Hierdie is ‘n belangrike bepaling in die Noordelike Sinode.

Volgens bepaling 8.3.1 kan ‘n kerkraad/gemeente **slegs** ‘n beroep uitbring indien daar aan bepalings 8.3.1.1 en 8.3.1.2 voldoen is. Indien ‘n kerkraad ‘n beroep uitbring sonder dat daar aan hierdie bepalings voldoen word, kan die ring of sy gevolmagtigde die beroep ongeldig verklaar.

Alvorens ‘n kerkraad ‘n beroep uitbring moet die kerkraad eers die ring van die volgende oortuig:

8.3.1.1.1 Die noodsaaklikheid van die vulling van die vakature;

By die noodsaaklikheid van die vulling van die vakature word daar gekyk na die bedieningsbehoeftes van die gemeente en hoe belangrik dit vir die bediening van die gemeente is dat die vakature gevul behoort te word. Die bedieningsbehoeftes en die noodsaaklikheid van die vul van die vakature gaan veral ‘n rol speel wanneer die finansiële volhoubaarheid van die pos oorweeg word. Die noodsaaklikheid van die vul van die vakature speel ook ‘n rol om seker te maak dat ‘n gemeente nie net ‘n beroep uitbring om aan ‘n persoon die status van ‘n predikant te gee nie.

8.3.1.1.2 van die opsies wat oorweeg is (voltyds/tentmaker/ vastetermyn-pos);

Tans is daar drie moontlike opsies in terme waarvan predikante in diens van ‘n gemeente kan wees. Die drie opsies word beskryf in Reglemente: 13 (Voltyds-Onbepaalde Termynposte; 14 (Tentmakerposte); Reglement 15 (Vastetermynposte). Die kerkraad behoort aan die ring te kan verduidelik en motiveer waarom daar op die spesifieke opsie besluit is.

8.3.1.1.2 van die finansiële volhoubaarheid van die pos.

Die vorige twee bepalings (8.3.1.1.1 en 8.3.1.1.2) kom bymekaar in hierdie bepaling. Die finansiële volhoubaarheid van die pos speel ‘n deurslaggewende rol in die noodsaaklikheid van die vul van die vakature asook die tipe vakature wat deur die beroep gevul gaan word. Vir die ring om ‘n ingeligte besluit te neem, behoort die finansiële state van die vorige jaar asook die begroting vir die huidige/volgende finansiële jaar aan die ring voorgelê te word.

8.3.1.2 nadat die ring/ringskommissie skriftelik die advies van die moderatuur ingewin het, deur die versoek om advies van die moderatuur aan die skriba van die moderatuur te rig.

Die moderatuur neem nie ‘n finale besluit oor die vul van die vakature nie en gee ook nie bindende advies nie. Die moderatuur gee slegs advies aan die ring/ringskommissie met betrekking tot die vul van die

vakature. Hierdie advies het hoofsaaklik te make met die finansiële posisie van die gemeente asook die kerkregtelike prosedure wat gevolg is. Die moderatuur is egter ook by magte om enige tersaaklike inligting rakende die gemeente en/of die proses aan die ring/ringskommissie te kommunikeer indien die moderatuur van mening is dat die inligting betrekking het op die beroep. Die skriba van die moderatuur verkry die kommentaar van die moderatuurslede elektronies ten einde te verseker dat die proses nie onnodig vertraag word nie. Die advies van die moderatuur is nie voorskriftelik nie, maar word net deur die ring/ringskommissie in gedagte gehou wanneer daar oorweeg word of die gemeente mag beroep al dan nie. Die ring gee dus finale goedkeuring aan die gemeente dat 'n beroep wel uitgebring mag word nadat alle tersaaklike inligting deeglik oorweeg is. Die ring of sy gevolmagtigde neem dus 'n ingeligte besluit en motiveer ook sy besluit.

8.4 Beroepingsvergadering

Met betrekking tot die beroepingsvergadering behoort elke kerkraad seker te maak van die bepalinge soos vervat in Reglement 12.4. In hierdie geval het die ring ook 'n verpligting. "Die verteenwoordiger van die ring woon die beroepingsvergadering by." (Reglement 12.4.8)

8**.5 Prosedure in verband met die goedkeuring en kontrole van 'n beroep**

Die ring behoort in hierdie geval op die volgende te let:

8.5.2 So gou doenlik na die laaste bekendmaking van die beroep en die tyd vir besware deur die gemeente verby is, lê die voorsitter van die beroepende vergadering **die volgende stukke aan die ring** of sy gevolmagtigde voor met die oog op die kontrolering van die kerkordelike vereistes van die beroep:

8.5.2.1 **Skriftelike bevestigings van die Algemene Taakspan Predikantesake** dat die beroepene na 'n gemeente van die Kerk beroepbaar is (vgl. Reglement 12 par. 7.3.1);

8.5.2.2 **skriftelike bevestiging van die beroepene se huidige gemeente** dat die persoon lidmaat is (vgl. Reglement 12 par. 7.3.2);

8.5.2.3 **skriftelike bevestiging van die verteenwoordiger van die ring** tydens die beroepsvergadering dat die korrekte kerkordelike prosedures gevolg is met die uitbring van die beroep (vgl. Reglement 12 par. 7.3.3);

8.5.2.4 **die voltooide beroepsbrief** behoorlik onderteken deur die gevolmagtigdes van die kerkraad (vgl. Reglement 12 par. 7.3.4);

8.5.2.5 **skriftelike bevestiging van die huidige ring** onder wie se opsig die beroepene staan, dat daar geen tug en/of dissiplinêre ondersoek teen die beroepene hangende is nie en/of dat die persoon beroepbaar is (vgl Reglement 12 par. 7.3.5);

8.5.2.5 **bevestiging deur die beroepende vergadering** dat geen wettige beswaar teen die beroep uitgebring is nie (vgl Reglement 12 par. 7.3.6);

8.5.2.6 **die voorgestelde diensooreenkoms**;

8.5.3 **Nadat die beroep deur die ringskommissie gekontroleer is**, word die beroepsbrief en die voorgestelde diensooreenkoms aan die beroepene gestuur vir oorweging van die beroep (vgl Reglement 12 par. 7.6).

'n Kerkraad wat beroep kan **eerstens** nie beroep of selfs adverteer vir 'n moontlike beroep alvorens die ring of sy gevolmagtigde goedkeuring verleen het dat beroep word nie, en **tweedens** kan 'n kerkraad wat 'n beroep uitgebring het nie die beroepsbrief aan die predikant wat beroep is stuur alvorens die die ring nie die nodige dokumentasie gekontroleer het en goedkeuring gegee het dat die beroepsbrief gestuur mag word nie.

8.6 Besware teen 'n beroep

8.7 Hantering van besware teen 'n beroep

In die geval van besware het die ring 'n verantwoordelikheid indien die besware te make het met die prosedure:

8.7.2 Indien die besware handel oor onreëlmatighede gedurende die beroepingsproses, verwys die kerkraad dit na **die ring of sy gevolmagtigde** vir beslissing (vgl Reglement 12, par. 8.3.2).

8.7.5 Indien dit blyk dat die besware gegrond is, word die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde **ongeldig verklaar** (vgl. Reglement 12, par. 8.3.5).

Indien daar enige onreëlmatighede tydens die beroepingsproses was, is dit die verantwoordelikheid van die ring om die beroep ongeldig te verklaar.

8.8 Beroepsbrief, diensooreenkoms en antwoord

8.8.2 **'n Verteenwoordiger van die ring**, wat nie lidmaat van die betrokke gemeente is nie, adviseer die kerkraad in die opstel van die beroepsbrief (vgl. Reglement 12, par. 5.2).

'n Verteenwoordiger van die ring staan die beroepende gemeente by in die opstel van die beroepsbrief. Die verteenwoordiger van die ring moet volgens bepaling 18.13.1.6 skriftelik ook hieroor verslag doen aan die ring of sy gevolmagtigde.

8.9 Werk in 'n gemeente wat sinodaal of andersins ondersteun word

8.10 Werksaamhede buite gemeentegrense

8.11 Tentmakerbediening/Vaste termyn poste/standplaasverwisseling/ bekend-stelling met die oog op 'n beroep

8.12 Verlening van demissie

8.13 Die bevestiging

8.13.1 Die bevestiging van 'n predikant mag slegs plaasvind nadat:

8.13.1.1 die beroepende kerkraad **die volgende stukke by die ring** of sy gevolmagtigde ingedien het:

8.13.1.2 'n afskrif van die **getekende dienskontrak**;

8.13.1.3 'n afskrif van die beroepene se **Akte van Demissie** uit die vorige werkkring óf 'n getuigskrif van eervolle ontslag in die geval van diens aan 'n instansie buite die kerkverband óf die Akte van Legitimasie in die geval van 'n proponent wat beroep is;

8.13.1.4 'n afskrif van die **beroepene se attestaat** van die vorige gemeente wat by die beroepende gemeente ingedien is; en

8.13.1.5 'n skriftelike **bevestiging van die pensioenkantoor** dat die beroepene se pensioen in orde is.

8.13.1.6 die **ring of sy gevolmagtigde** kommissie skriftelik bevestig het dat aan die kerkordelik vereistes (vergelyk 8.11.3 hierbo) voldoen is.

Uit hierdie bepalings is dit dus duidelik dat die ring goedkeuring móét verleen alvorens die gemeente die volgende stappe gee:

(i) Adverteer om 'n vakature te vul. Die ring moet eers die noodsaaklikheid en die tipe pos wat gevul gaan word goedkeur.

(ii) Die beroepsbrief uitgestuur word. Die ring moet sekere dokumentasie en stappe kontroleer alvorens die beroepsbrief aan die beroepene gestuur word.

(iii) Die predikant in die gemeente bevestig word.

Die skriba van 'n ring behoort van elke beroep deeglike rekord te hou deur middel van notuelering asook die liasering van alle nodige dokumentasie.

Terug

Help woordverkondiging deur Teologiese Studente te help Teologiese Opleidingstrust Pretoria

Jur alle eposse aan flip.dutoit@teotrust.org Klik hier vir aanlyn weergawe

HELP WOORDVERKONDIGING DEUR TEOLOGIESE STUDENTE TE HELP

Die Bybel bly belangrik. Dit moet gelees, reg verstaan en reg vertolk word. En hierin is 'n goed opgeleide predikant se rol onontbeerlik. Help hiermee deur teologiese studente se finansiele las tydens studie te verlig.

RAAK BETROKKE DEUR:

1 UITNODIGING

Nooi ons uit na 'n diensgroep, Bybelstudiegroep of ander geleentheid om inligting te kom gee. Iemand van die Trust kan ook tydens 'n erediens hierdie belangrike saak onderstreep.
Dit sou by enige erediens kon geskied, maar veral ook op:
14 Junie: die sentrale rol wat 'n goed opgeleide Boodskapdraer vervul t.o.v. Jeug en Kategese.
30 Augustus: Bybelsondag waar die regte vertolking van die Bybel sentraal staan
13 September: Toerustingsondag.
25 Oktober: Hervormingsondag – waar die sentrale boodskap van Genade voorop staan.

2 SAAK BEKEND TE STEL

Stel die saak in die gemeentelike nuusbrief of op die aankondigingsblad bekend. Hiervoor is daar 'n kort Inligtingstukkie beskikbaar by ons kantoor.

3 DANKOFFERBYDRAE TE GEE

Oorweeg 'n gemeentelike dankoffer, deurkollekte of spesiale bydrae.

4 SKENKINGS AAN TE MOEDIG

Moedig asb. Lidmate, wat in die vermoë is om te gee en daardeur hulle belasting aanslag te verminder, aan om 'n bydrae vir Teologiese Opleidingstrust Pretoria te gee. Vir al sodanige skenkings word 'n Art 18 A sertifikaat uitgereik wat die betrokkene kan indien saam met sy aanslag vir hierdie belastingjaar (wat die einde van Februarie 2020 eindig).

Vir meer besonderhede kontak dr Flip du Toit telefonies (0621190255 / 0827817076) of by flip.dutoit@teotrust.org of admin@teotrust.org

Dr PR(Flip) du Toit • Bestuurder • 062 119 0255/082 781 7076

Posbus 12100 Tel 012 460 8570
Hatfield 0028 Faks 012 346 2701

www.teotrust.org

Artikel 18A registrasie:
PBO (Publieke weldaadsorganisasie) 930 018 724
NPO (Nie-winsgewende organisasie) 043 833 NPO

Bemagtig die Boodskapdraers
TEOLOGIESE OPLEIDINGSTRUST PRETORIA

Terug

CLF kondig strategiese vennootskap met Van Schaik Boekwinkel aan

Die Christelike Literatuurfonds (CLF) is in 1957 deur 'n groep sendelinge gestig met die doel om Christelike leesstof onder die verskillende taal-en kultuurgroepe van Suider-Afrika te versprei. Afgesien van die verskeiden-

heid gratis Christelike pamflette, het CLF 'n wye verskeidenheid Christelike boeke met 'n fokus op die sending van God in die wêreld, asook materiaal vir gebruik deur kerke in Afrika.
Van Schaik Boekwinkel het 'n trotse erfenis as een van die oudste boekwinkels in Suider-Afrika en het hul 100-jarige mylpaal in 2014 bereik. Dit is waarskynlik Suider-Afrika se voorste akademiese boekwinkel met meer as 70 winkels in Suid-Afrika, Botswana, Swaziland en Namibië.
CLF se bediening maak staat op vennootskappe waardeur hulle poog om 'n ondersteunende rol in kerke en hul aktiwiteite te speel.
Hierdie vennootskap skop af met toegewyde rakruimte vir CLF in 24 van Van Schaik se boekwinkels en sal CLF-publikasies in al hul produkkategorieë insluit. Verder sal CLF se gratis pamflette oor maatskaplike kwessies op draaistanders vertoon word en vrylik vir die publiek beskikbaar wees.
Deur Van Schaik Boekwinkel se voetspoor te benut, sal CLF nader aan sy teikengehore wees met behulp van Van Schaik se wye afsetpunte om Christelike lesers te dien.
Hierdie strategiese vennootskap sal voordelig wees vir albei partye in terme van onderskeie markte en 'n wyer produkreeks.
CLF put vertroue uit die feit dat Van Schaik Boekwinkel 'n hoogs gerespekteerde maatskappy wat aanvaarbare besigheidsetiek en waardes verteenwoordig.
Die amptelike vennootskap tussen CLF en van Schaik Boekwinkel tree op **1 Maart 2020** in werking.

Terug